



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2**

**FEBRUARIE/MAART 2011**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE IS SUID-AFRIKA DEUR DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE IN 1989 GEAFFEKTEER?****BRON 1A**

Die uittreksel hieronder kom uit 'n artikel geskryf deur F Van Zyl Slabbert en verwys na die val van die Berlynse Muur en die impak daarvan. Dit het in die *Financial Mail* van 7 Mei 2004 verskyn.

Teen die einde van 1989 is daar baie op leierskapsvlak en met die elite gepraat. Hoe meer daar gepraat is, hoe meer het mense bewus geword van die ideologiese kloof tussen die ANC- en die NP-leierskap. Die antagoniste (opponente) het al hoe meer onderhandelinge oorweeg – op hulle eie voorwaardes. Maar die gewone man op straat het geen idee gehad van wat op hierdie vlak aangegaan het nie.

En toe val die muur. Daar is geen twyfel nie dat die val van die Berlynse Muur, wat die ineenstorting van georganiseerde kommunisme gesimboliseer het, die ANC, veral diegene in ballingskap, onkant gevang het. Oornag het 'n liberale demokratiese model vir 'n regeringstelsel en 'n mark-ekonomiese stelsel, gemik op groei en ontwikkeling, oorheers.

Die muur het teen die einde van 1989 geval. President FW de Klerk het sy bekende 2 Februarie-toespraak in 1990 gemaak. Hy het werklik geglo dat hy die ANC onkant betrap het omdat hulle die ondersteuning van die Sowjetunie en Oos-Europa verloor het, en dat hy die gang en omvang van die onderhandelingsproses kon beheer.

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel uit *Tomorrow Is Another Country*, deur A Sparks, fokus op FW de Klerk se reaksie op Gorbachev se hervormingsmaatreëls.

... in Augustus 1989 het De Klerk die leier van die Nasionale Party geword. As leier van die party het De Klerk verskeie oorsese reise onderneem – 'n rare ondervinding vir 'n regerende politikus van hierdie uitgeworpe land. Hy het Margaret Thatcher van Brittanje, Helmut Kohl van Duitsland en die leiers van Portugal, Italië, die Ivoorkus, Mosambiek, Zambië en Zaïre ontmoet. Almal het die noodsaaklikheid dat Suid-Afrika moes verander, beklemtoon ...

Maar van al die internasionale invloede, was geen groter as die Gorbachev-hervormings wat die kommunistiese ryk laat begin uitrafel het nie, want dit het Pretoria se fobie dat die swart stryd teen apartheid 'n sameswering uit Moskou was, besweer ...

Die onderhandelinge wat die weg vir die naburige Namibië se onafhanklikheid in Oktober 1989 gebaan het, het hierdie punt ondersteun (onderstreep). Nou, soos wat Gorbachev se Sowjetunie begin het om streekskonflikte te beslis en om twispunte met die Verenigde State van Amerika op te los, is daar ooreengekom dat Kubaanse troepe uit Angola moes onttrek in ruil vir Suid-Afrika se onttrekking uit Namibië. Die South West African People's Organisation, 'n kloon (tweeling) van die ANC, het die verkiesing in Namibië gewen en Suid-Afrika het die gebied aan 'n vyand wat hy vir dertig jaar beveg het, gladweg en op vreedsame wyse oorhandig. 'Namibië het die Suid-Afrikaners gewys dat hierdie soort verandering nie noodwendig rampspoedige gevolge hoef te hê nie,' het sir Robin Renwick, Britse ambassadeur in Suid-Afrika op daardie stadium, gesê.

Ekonomiese sanksies en veldtogte om beleggings uit Suid-Afrika te onttrek, het beduidend verdere druk op De Klerk geplaas om op te tree. Dit, tesame met rasseonrus, het Suid-Afrika in die diepste finansiële krisis in sy geskiedenis gedompel. Sakevertroue was op 'n algehele laagtepunt en die gevoel was al hoe meer een van 'So kan ons nie aangaan nie!'.

**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE IN 1989 TOT DIE HERVOORSTELLING VAN BENIN AS 'N NASIE BYGEDRA?****BRON 2A**

Die volgende uittreksel is uit die *National Economics Encyclopaedia* (1990) geneem. Dit besin oor die veranderinge wat in Benin plaasgevind het.

Benin (voorheen bekend as Dahomey) het in 1900 'n Franse kolonie en in 1960 onafhanklik geword. Sedertdien het Benin ernstige politieke geweld (onrus) beleef. Hubert Maga het die land se eerste president onder 'n veelparty- politieke stelsel geword, maar is in 1963 in 'n militêre staatsgreep ontsetel. Verskeie regerings het daarna aan bewind gekom. In 1972 was daar weer 'n militêre staatsgreep waartydens generaal Kerekou die president geword het. In 1974 het Marxistiese-Leninisme die amptelike ideologie van die land geword. Groot maatskappye, banke en kantore is genasionaliseer. Korruptsie het gevolg en die ekonomie het so skerp gedaal dat die regering nie salarisse kon betaal nie. Dit het tot stakings gelei en 'n uiteindelijke krisis in 1989. Later in 1989 het Kerekou 'n nasionale konferensie byeengeroep, bygewoon deur leidende politici, met verteenwoordiging van die opposisie. Dit het gelei tot die stigting van 'n veelpartydemokrasie. Sedert die stigting van die nuwe grondwet in 1990 het die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake Benin as 'n 'model demokratiese staat, nie net vir Wes-Afrika nie, maar selfs vir die hele kontinent', beskryf.

**BRON 2B**

Die volgende uittreksel is uit *Benin, Government, Politics and Taxation* deur JO de Sardan geneem. Dit besin oor hoe Benin haarself herorganiseer het nadat die USSR ineen gestort het.

Gedeeltelik aangespoor deur die ineenstorting van die Sowjetunie en die gevolglike gebrek aan ondersteuning van die supermoondheid, asook 'n ekonomiese krisis in die land, het Benin in 1990 'n nuwe grondwet aangeneem met die doel om die politieke en ekonomiese stelsels meer liberaal en oop te maak. Die hoofdoelstellings is om die volgende deur middel van wetgewing te beskerm: aanspreeklikheid, deursigtigheid, godsdiensvryheid, persvryheid, skeiding van die regering se magte, die reg om te staak, universele stemreg (die reg om op 18 te stem) en die onafhanklikheid van die regbank.


Hierdie ontwikkelinge het ekonomiese groei in Benin geskep, maar van die sterk ideale van die grondwet is nog nie ten volle verwesenlik nie. Gebrek aan aanspreeklikheid en deursigtigheid, versuim om die regbank van die politieke stelsel te skei en hoë vlakke van ongeletterdheid is die hoofstruikelblokke. Verder word staatsamptenare swak betaal wat hulle vatbaar maak vir omkoperij en korruptsie. Daar is onopgeloste kwessies oor baie wette wat verband hou met die tydperk voor daar 'n grondwet was en wat nou teenstrydig met die nuwe grondwet is. Kritici kla ook dat die grondwet nie voorsiening maak vir 'n behoorlike lewenstandaard nie.

Sedert die grondwet geskryf is, is dit in agt van die nasionale tale van Benin vertaal. In beide stedelike en plattelandse gebiede regoor die land is die grondwet oor die plaaslike radiostasies uitgesaai.

In 1991 het Benin sy eerste veelparty- demokratiese verkiesing gehou. Benin is as 'n modeldemokrasie beskou omdat baie politieke partye aan sy eerste vrye verkiesing deelgeneem het.

**BRON 2C**

Die grafiek hieronder toon die politieke partye wat die meeste stemme gekry het. Hulle was die Union for the Triumph of Democratic Renewal (UTRD), die National Rally for Democracy (RND) en die National Party for Democracy and Development-Democratic Renewal Party (PNDD-PRD).



**VRAAG 3: HOEKOM IS DIE SLUIPMOORD OP CHRIS HANI AS 'N KEERPUNT IN DIE POLITIEKE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA BESKOU?****BRON 3A**

Die volgende uittreksel is geneem uit *Tomorrow is Another Country*, deur A Sparks. Dit fokus op die sluipmoord op Chris Hani en die nagevolge.

Een maand nadat die onderhandelingsproses hervat is, het die skokkendste gebeurtenis van almal plaasgevind. Op Paassaterdagmôre, 10 April, het Chris Hani, sekertaris-generaal van die Kommunistiese Party en die mees charismatiese van die swart leiers, in die oprit van sy huis stilgehou ... Toe hy uit sy motor klim, het 'n man in 'n rooi Ford Laser, wat aan die oorkant van die straat geparkeer was, by sy venster uitgeleun en twee skote met 'n nege-millimeter-Z88-weermagpistool afgevuur. Hani het teen die deur van sy motorhuis gesteier en op die grond neergesak.

Die nuus van Hani se sluipmoord het Suid-Afrika soos 'n donderslag getref. Enigiemand wat woede in die swart gemeenskap wou ontketen, kon nie 'n beter teiken gekies het nie, want Hani was 'n held, veral onder die militante jong 'comrades', wat aan die spits van die swart opstand was. As 'n guerrilla-aanvoerder (leier) was Hani bekend vir sy dapperheid omdat hy altyd sy eenhede op hulle aanvalle gelei (vergesel) het, en hulle nooit alleen laat gaan het nie. Hy het die hoof van die guerrillavegters geword en vir die woedende jong 'comrades' was hy 'n lewende legende. Hy was ook 'n kragtige spreker en die magtigste van al die bevrydingsbewegingsleiers. Hy kon skares op hulle voete bring. Nou was hy dood, vermoor deur 'n wit rassis wat, soos dit gou bekend geword het, noue politieke bande met verregse groepe gehad het.

Soos met al die vorige krisisse het hierdie nasionale trauma die politieke sentrum eerder versterk as verswak, en al die politieke partye aangespoor om die onderhandelingsproses te bespoedig. Dit het ook Mandela se posisie as nasionale leier versterk. Soos wat die krisis toegeneem het, was daar bitter min wat De Klerk kon doen om die land te kalmeer; maar Mandela kon, want dit was sy mense wat gegrief was. Mandela het tydens die hoogtepunt van die woede op nasionale televisie verskyn en 'n roerende beroep op wit en swart gedoen om saam te staan en nie toe te laat dat hulle emosies hulle gesamentlike toekoms vernietig nie.


**BRON 3B**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak van Nelson Mandela op nasionale televisie ná die sluipmoord op Chris Hani. Geneem uit *A Long Walk To Freedom*, 1995.

Vanaand reik ek uit die diepste van my wese uit na elke Suid-Afrikaner, swart en wit. 'n Wit man, vol vooroordeel en haat, het na ons land toe gekom en 'n gruweldaad gepleeg wat ons hele land op die rand van 'n ramp gebring het. 'n Wit vrou, van Afrikaanse oorsprong, het haar lewe gewaag om die sluipmoordenaar aan ons bekend te maak en om sodoende geregtigheid te laat seëvier ... Nou is die tyd vir alle Suid-Afrikaners om saam te staan teen diegene wat dit waarvoor Chris Hani sy lewe opgeoffer het, wil vernietig – ons almal se vryheid.

**BRONC 3C**

Hierdie is 'n plakkaat wat tydens 'n gedenkdiens ter nagedagtenis van Chris Hani gebruik is. Geneem uit *The Poster Book Collective*, 1996. Die woorde bo- en onderaan die plakkaat is oorgetik omdat die oorspronklike nie duidelik is nie.



**VRAAG 4: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GEPOOG OM 'N EINDE AAN SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE TE MAAK?****BRON 4A**

Die volgende uittreksel is uit *Truth Justice Memory* geneem en is deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening saamgestel, 2008. Dit verduidelik die doel van die WVK.

Die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) was altyd bestem om omstrede te wees. Dit was ook genesend, nie net vir diegene wat voor die WVK getuig het nie, maar ook vir dié wat die verrigtinge dopgehou het. Dit het nie oor geregtigheid gegaan nie, alhoewel dit vir baie Afrikane wat onder apartheid gely het, baie moeilik was om te verstaan, maar eerder oor versoening, deur mense aan te moedig om hulle misdade teenoor hulle medemens te bely.

**BRON 4B**

Die volgende is geneem uit *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* deur F du Toit, 2006. Dit is 'n reaksie op die WVK.


Twee maande voor die WVK sy verslag in Oktober 1998 sou publiseer, het hulle opsommings van hul bevindings aan sowat 200 individue en organisasies, wat by die skending van menseregte betrokke was, gestuur. Hulle reaksie was deurgaans vyandig. De Klerk was woedend dat hy 'n 'medepligtige tot menseregteskendings' genoem is en het by die Hooggeregshof aansoek gedoen om 'n interdik om die publikasie van 30 reëls wat in die verslag na hom verwys, te verbied.

'n Veel groter skok was die ANC se reaksie. Die ANC was woedend dat hulle van oorlogsmisdade aangekla is en het daarop aangedring om met die WVK te vergader met die bedoeling om hulle te kry om die verslag te herskryf. Die WVK het die ANC uitgenooi om 'n skriftelike aansoek in te dien, maar het geweier om hulle te ontmoet. Die ANC het teruggeklap en die WVK daarvan beskuldig dat hulle die anti-apartheid-stryd probeer 'kriminaliseer'.



**BRON 4C**

Hierdie spotprent het in die *Sowetan*, 29 Oktober 1998, verskyn. Dit evalueer die werk van die WVK.



Spesiale aflewering

**BRON 4D**

Die tabel hieronder is 'n opsomming van die reaksies van verskillende rassegroepe op 'n opname wat met die WVK verband hou. Aangepas uit *South Africa 1948 – 1994*.

**OPNAMEVRAAG:**

Die bestaan van die Waarheid-en-versoeningskommissie beteken dat alle mense in Suid-Afrika in die toekoms gemakliker met mekaar sal kan saamleef. Stem jy saam of stem jy nie saam nie?

%	Swart	Kleurlinge	Indiërs	Wit
<b>Stem saam 1996</b>	58,5	40,7	54	52,1
<b>Stem saam 1998</b>	54,2	26,4	24,4	31,5

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

- Bradley, C. 1996. *Causes and Consequences of the End of Apartheid* (Raintree Steck – Vaughn)
- Bottaro, J et al. 2007. *In Search of History – Grade 12* (Oxford University Press)
- Clark, JF. 2002. *The African States of the Congo War* (Palgrave)
- Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission* (Palgrave Publishers)
- Culpin, C. 2000. *South Africa since 1948* (John Murray Publishers)
- De Sardan, JO. 1996. *Benin, Government, Politics and Taxation* (Longman)
- Dlamini, N et al. 2007. *Shutters History Grade 12* (Shuter & Shooters Publishers)
- Dugmore, C et al. 2007. *Viva History – Grade 12* (Vivlia Publishers & Booksellers)
- Du Toit, F et al. 2006. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* (David Philip)
- Financial Mail*, 7 May 2004.
- Friedman, M et al. 2007. *Focus on History Looking into the Past Grade 12* (Maskew Miller Longman)
- Gevisser, M. 2007. *The Dream Deferred: Thabo Mbeki* (Johnathan Ball Publishers)
- Govender, SP et al. 2007. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
- Graves, F et al. 2007. *Moments in History* (Juta Gariep)
- Institute for Justice and Reconciliation, 2008, *Truth Justice Memory*
- Mandela, N. 1995. *A Long Walk to Freedom* (Macdonald Purnell)
- Meiring, P. 1999. *Chronicle of the Truth Commission: A Journey Through the Past and Present – Into the Future of South Africa* (Carpe Diem Books)
- Mkondo, R. 1993. *Reporting South Africa* (Heinemann Publishers)
- Mohamed, S et al. 2004. *Capital Flight from South Africa 1980 – 2000*  
<http://www.tips.org.za/events/forum2004/Papers>
- Morris, M. 2004. *Every Step of the Way: The Journey to Freedom in South Africa* (Cambridge University Press)
- New Generation History Grade 12 Study Guide* (New Generation Publishing Enterprises)
- Philip, D. 1996. *A Life in Cartoons*. (Jonathan Ball Publishers)
- Roberts, M. 2001. *South Africa 1948 – 1994* (Longman)
- Saul, S. 1986. *South Africa – The Crisis Deepens* (Juta)
- Sparks, A. 1994. *Tomorrow is Another Country* (Struik Publishers)
- Sowetan* (1 December 1998)
- Sunday Times: How Hani Died* (11 April 1993 edition)
- The Poster Book Collective: South African History Archive, Images of Defiance*, 1991. (Raven Press)
- Woods, D. 2001. *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk To Freedom* (Little Brown)